VERSLAG: WERKGROEP KERKVERBAND AANGELEENTHEDE insake Sinode 2018

Inligtingsbrief aan Gemeente:

Liewe medelidmaat,

Die Gereformeerde Kerk Wapadrant (GKWPR) het saam met die Gereformeerde kerke van Noordrand en Klerksdorp, ’n beswaarskrif by die Sinode 2018 ingedien rakende die kwessie van die vrou in die amp, of kortweg “VIDA”. ’n Aantal ander kerke in die kerkverband het ook beswaarskrifte of beskrywingspunte oor herbesinning deur die sinode van die VIDA saak voorgelê. Al hierdie voorleggings is egter as “nie-ontvanklik” bevind of dit is afgestem. Ook die versoek om ’n vorige sinodebesluit dat die saak van VIDA wesentlik is, te verander, is afgewys.

1. <u>Wapadrant Gemeente se standpunt oor VIDA:</u>

Wapadrant Gemeente wil graag langs hierdie weg ons standpunt oor VIDA duidelik aan ons lidmate en aan die eksterne omgewing kommunikeer:

> Ons het reeds in 2006 op grond van ’n Christologiese perspektief op die Skrif besluit dat vroue as diakens, ouderlinge en predikante mag dien. http://www.wapadrant.co.za/kerkraad-verklarings . Daar kon sedertdien na ons oordeel geen oortuigende Skrifgronde aangevoer word waarom ons nie met die besluit kan volstaan nie. Ons gaan dus voort op hierdie pad wat Christus vir ons aangedui het. Trouens, ons ervaar groot seën op die diens wat vroue as diakens en ouderlinge in die gemeente verrig.

2. <u>Wapadrant Gemeente se standpunt oor die Sinode besluite:</u>

2.1 Die beswaarskrif gaan daaroor dat vorige besluite van die sinode wat vroue nie toelaat in die ampte van predikant en ouderling nie, na ons mening op ’n verkeerde wyse geneem is en daarom herroep moet word. Ons motivering is dat die sinode van 2009 ’n rapport op die tafel gehad het wat aandui dat Skrifgegewens beide die ja- en nee-opsies vir vroue in die ampte (VIDA) ewe sterk ondersteun. (Die oënskynlike teenstelling moet gesoek word in die manier hoe verskillende wyses van lees en verstaan van die Bybel, verskillende uitkomstes tot gevolg kan hê). Met hierdie twee ewe Skriftuurlik aanvaarbare opsies voor hulle, het die sinode op grond van ’n meerderheidstem op die nee-opsie besluit. Geen Skrifgetuienis, belydenisskrifte of kerkorde artikels is as motivering aangebied waarom vir die nee-opsie gestem is nie. Hierdie manier van besluitneming kan na ons oordeel nie gebruik word om gemeentes te verplig om by ’n meerdere besluit in te val nie. Dit is boonop teen die gemene akkoord (ooreenkoms) tussen al die plaaslike Gereformeerde kerke (gemeentes) wat vereis dat slegs Skrif, Belydenis of kerkorde deur meerdere vergaderings as motivering vir bindende besluite gebruik mag word.

2.2 Ons is ontsteld en diep teleurgesteld oor die VIDA besluite van die Sinode.

2.3 Ons is oortuig daarvan dat ’n Christologiese perspektief op die vrou nie die nodige aandag in die sinode se besluit gekry het nie.

2.4 Ons is teleurgesteld oor die Sinode se besluit om die saak van VIDA steeds as ’n wesenlike saak te beskou.

2.5 Onlangse positiewe besluite van internasionale reformatoriese kerke oor die saak van die vrou in die ampte, is na ons oordeel nie genoegsaam verreken nie. http://wcrc.ch/wp-content/uploads/2017/07/Declaration-of-Faith-on-Womens-Ordination-EN.pdf

2.6 Ons gewetens laat ons nie toe om Sinode 2018 se besluite oor VIDA te aanvaar nie. Ons is steeds oortuig van die Skriftuurlike korrektheid van ons standpunt wat ons reeds in 2006 geneem het. Ons distansieer ons dus van die sinode se hantering van en besluite oor VIDA.

2.7 Dit wil voorkom asof amptelike besluite oor die hantering van die vrou in die Gereformeerde Kerke, al hoe meer neig na diskriminasie teen vroulike lidmate terwyl Christus as die Hoof van Sy kerk al Sy lidmate, vrou sowel as man, gelykwaardig ag. Ons moet Christus hierin navolg maar ons word gekonfronteer met die teenoorgestelde.

2.8 Die kerk van Christus is deur die sinode se besluite oor VIDA, ontneem van gawes wat andersins tot groot vrug in Sy kerk aangewend kon word. Hier kan WPR met verwondering en dankbaarheid getuig van die positiewe invloed wat vrouens in die ampte alreeds oor die afgelope 12 jaar in die gemeente uitgeoefen het. Ons het tot die gevolgtrekking gekom dat die hele gemeente, op die wyse deur die Sinode se besluite verontreg word en boonop ontneem word van geestelike leiers.

2.9 Vroue wat die roeping beleef om as ouderling te dien se roepingsbewustheid word ook hierdeur misken.

2.10 Menslik gesproke lyk dit asof of ons by die einde van die kerklike weg gekom het om bestaande sinode besluite oor VIDA omgekeer te kry. WPR staan egter nie alleen hierin nie. Daar is verskeie ander gereformeerde gemeentes waarvan ons bewus is wat ook VIDA ondersteun.

3. WPR se pad vorentoe oor VIDA:

3.1 Ons beskou onsself as draers van die Gereformeerde/reformatoriese belydenis en uitgangspunte soos wat God dit oor eeue aan Sy kerk openbaar het. Daarom het ons ’n verantwoordelikheid om dit binne en buite die kerkverband verder uit te dra.

3.2 Omdat die saak van VIDA op sigself nie ’n belydenis saak is nie, kan ons in alle billikheid van al die lidmate en gemeentes in die kerkverband verwag om waar ons verskillende opinies oor die VIDA saak hou, ons mekaar in liefde verdra.

3.3 Omdat ons dienende vroue ouderlinge het, is die logiese konsekwensie dat ons die vrymoedigheid het om enige van ons vroue ouderlinge ook as afgevaardigdes na meerdere vergaderings te kan stuur. Dit is vir ons 'n beginselsaak dat al ons ouderlinge ewe welkom moet wees en sal daarom met kerke in die klassis in gesprek tree soos in 3.4.2 gestel word. Die betrokke meerdere vergadering sal self kan besluit hoe hulle ons afvaardigings gaan ontvang. Ons vertrou dat die klassis ons hele afvaardiging in verdraagsaamheid sal aanvaar net soos ons bereid is om die afvaardigings van gemeentes wat teen VIDA besluit het, te aanvaar.

3.4 Ons beywer ons vir die oplossing van die dooiepunt waarin die sinode se besluit oor VIDA vir ons en die hele kerkverband gedompel het. Ons gaan dus probeer om deur gesprekvoering met verskeie rolspelers 'n pad vorentoe uit te werk. WPR gaan dit op vier maniere aanpak:

3.4.1 In die eersteplek is dit baie bemoedigend dat daar verskeie ander Gereformeerde gemeentes is, wat reeds vroue ouderlinge beroep het of wil/ gaan beroep. Ons beplan onder andere om saam met hulle 'n oplossing te probeer vind vir ons pad vorentoe. Ons gaan dus voort met die reël van 'n volgende Gespreksforum. Dit word op Saterdagoggend, 24 Maart by die Gereformeerde kerk Noordrand aangebied. Ons eie lidmate wat dit wil bywoon is baie welkom. Stuur asb. vir Thea Heckroodt 'n epos na geselsbrief@gkwapadrant.co.za of skakel Theuns Erasmus by 0128075059 vir meer inligting. Ons vertrou dat ons tydens hierdie saam-bid en saam-dink geleentheid, deur lidmate van verskeie gemeentes, die insig en wysheid sal kry om 'n gesamentlike pad vorentoe uit te werk.

3.4.2 In die tweede plek beplan ons ook om met die gemeentes in ons klassis deur middel van formele en informele gesprekke hieroor, mekaar beter te leer ken en verstaan en so nader aan mekaar te kom. Verdraagsaamheid tussen lidmate en plaaslike kerke is van deurslaggewende belang om 'n nie-wesenlike saak soos hierdie te hanteer. Ons vertrou dat ons sal ervaar dat ons, ten minste op klassis vlak, baie meer in gemeen het as wat ons verskil.

3.4.3 Derdens sal ons die uitkomste van hierdie inisiatiewe ook met ons eie gemeente, en in besonder dan met ons vroulike lidmate, deel en hul insette verkry.

3.4.4 Ons gaan die uitkomste van die drie voorafgaande inisiatiewe ook met die kerkverband deel en dit opvolg met openbare verklarings, indien dit dan geregverdig is.

3.5 Daar is verskeie ander sake wat ook voortvloei uit sinode 2018. Dit gaan vir ons o.a. oor die formele vergaderings (klassis, streeksinode en sinode) se onwilligheid om na ons voorleggings te luister; die probleem van uitsluiting by meerdere vergaderings wat ons ervaar; ramings en ander verbandhoudende sake.

Om aandag hieraan te gee is twee bestaande werkgroepe van ons gemeente (Kerkverband en Strategiese Beplanning) gekombineer om al die sake wat verband hou met die implikasies van die sinode besluite oor VIDA, te ondersoek en die

kerkraad daaroor te adviseer. Die werkgroepe se aanbevelings sal ook die uitkomste van die inisiatiewe hierbo evalueer en aanbevelings aan die kerkraad maak. Die kerkraad se besluite hieroor sal daarna so spoedig moontlik aan die gemeente deurgegee word. Ons glo en vertrou dat die gebede van lidmate, ondersteun deur hierdie uitgebreide proses van konsultasie, God se plan vir ons gemeente sal openbaar.

3.6 Dit is ons hoop en verwagting dat die kerkverband hierdie ongelukkige besluit van die sinode oor VIDA sal oorleef soos wat met kelkies, hoede, manelle, liedere en ander nie-wesentlike sake gebeur het. Die kerkverband word telkens in sulke situasies gedompel wat onnodige onderlinge konflik en twis genereer.

Dit wil voorkom asof deel van hierdie probleem voor die deur van die sinode se afgevaardigdes gelê moet word. Hul laat toe dat die sinode as meerdere vergadering al hoe meer optree soos ’n sentrale regering (kollegialistiese kerkregeringstelsel) wat nie-wesentlike sake op gemeente vlak wil reguleer. Dit is teenstrydig met die ooreenkoms tussen Gereformeerde gemeentes dat die sinode nie oor huishoudelike sake van gemeentes regeer nie, maar dat ouderlinge en predikante op gemeente vlak vir die bestuur van ’n gemeente verantwoordelik is (presbiteriale kerkregerings stelsel).

3.7 Ons moet nie toelaat dat hierdie verskille tussen gemeentes oor die kwessie van VIDA, ons aandag aftrek van die rede van ons bestaan as ’n gemeente in God se Koninkryk nie. Ons moet bly fokus op Christus as Hoof van sy kerk, die opdragte wat Hy aan ons gee en ons uitleef daarvan. Ons kan dit net doen as ons almal bid dat ons God se leiding sal ervaar. Die pad vorentoe is nie ons plan nie, want ons glo dat die uitkoms van die VIDA gerigte gesprekke en ondersoeke, volgens God se plan vir ons gemeente sal wees. Ons is reeds “elkeen saam op God se pad”, kom ons gaan so voort.

Mooi loop in Christus

Kerkraad.

10 Februarie 2018